Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

WEEK 14 Deel 110
VRYDAG - 12 APRIL 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Kwaliteit verseker goeie pryse

Riemland SAVM Telersgroep het op Woensdag, 10 April 2019 hul eerste produksieveiling gehou te Heilbron Gholfklub.

'n Uitstekende veiling is deur BKB Louwid Frankfort aangebied met Jan Mostert as afslaer. L+T Boerdery, Benjamin Boerdery, Koos Engelbrecht, Hilltop SAVM van Faans Pretorius en Janru en Kliphard SAVM van Jan en Ruan van Vuuren is deel van die Riemland SAVM Telersgroep. Heilbron Gholfklub was die ideale venue en het bygedra tot die sukses van die veiling. Alle kommersiële ooie is verkoop teen gemiddeld en bogemiddelde pryse.

Die stoetooie is ook almal verkoop teen bogemiddelde pryse. 90% van die stoetramme is teen 'n gemiddelde bedrag van R9057.14 verkoop. Die duurste ram van die dag, 'n beproefde stoetram van Hilltop SAVM, is aan mnr Kyle Bekker van Krugersdorp verkoop teen R30 000.

Die lotte wat aangebied is het goeie belangstelling uitgelok.

Die produksieveiling gaan 'n jaarlikse instelling word wat op die eerste Woensdag van April na die Maart/April skoolvakansie aangebied gaan word.



Na afloop van Woensdag se veiling word die potensiaal van die gholfklub as veilingsarena, veral vir elite veilings, raakgesien.

*Op die foto vl: Piet Boshoff (Bemarking), Wentzel Vorster (Takbestuurder), Kyle Bekker (Koper), Jan Mostert (Afslaer) en Faans Pretorius (Verkoper).*

# AfriForum besoek skole

AfriForum Heilbron was hierdie week by die skole te sien gewees. Die idee van die besoeke wat afgelê was, was om te kyk hoe hulle die leerders kan help met veiligheid in die strate. Vinnig is daar vier nuwe stopborde met hul pale opgerig by die Kleuterkasteel.

By Hoërskool Heilbron is die voetoorgang in Watsonstraat oorgeverf. Pale is geplant om die hekkie by die oorgang ook te beveilig. Motoriste moet die stopstrate en tekens by die skole gehoorsaam sodat ongelukke vermy kan word en die leerders veilig strate kan oorsteek.

AfriForum Heilbron beoog om die dorpswater in die volgende twee weke te toets. Die resultate sal deurgegee word sodra dit ontvang word.




*Op die foto Kleurterkasteel Heilbron.*



*Op die foto Samuel, Izak en Danie Knoetze.*

# Spesiale stemme
## Doen nou aansoek

Kiesers wie op stemdag, 8 Mei 2019, nie by hul stempunt sal kan stem nie moet nou aansoek doen om 'n spesiale stem uit te bring.

Sulke stemme word op 6 of 7 Mei 2019 uitgebring. Persone wat op 8 Mei uitstedig sal wees, maar fisies daartoe in staat is om die stempunt op 6 of 7 Mei te besoek stem by die stempunt, terwyl verswakte of siek of gestremde persone kan vra vir 'n tuisbesoek om hul stemme by hul eie woonplek uit te bring.

Aansoek moet òf fisies by 'n OVK kantoor (Parys) ingedien word òf kan aanlyn gedoen word by www.elections.org.za. Aansoeke sluit op 18 April 2019. Aansoekvorms is op die internet beskikbaar of kan by VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe se kantore bekom word te Elsstraat 47, Heilbron. Hy is ook bereid om hulp te verleen aan aansoekers wie hulp benodig. Raadslid van der Merwe beveel aan dat applikante vroegtydig hul aansoeke doen ten einde te verseker dat hulle wel op een van die spesiale stemdae kan stem. Hy kan gekontak word by 058 852 2041.

# MISDAADverslag

Drie verdagtes wat op 8 Maart 2019 gearresteer was vir die rooftog te Vyandsvlei-winkel op 3 Maart het op 5 April in die Heilbron Streekshof verskyn vir borgaansoeke. Die arrestasie het plaasgevind nadat die verdagtes Vyandsvlei-winkel geroof het waarin die eienaar en 'n rower noodlotting gewond en op die toneel dood verklaar is. Die verhoorafwagtendes is steeds in aanhouding en verskyn weer 10 Mei 2019 in die hof.

Daar is verlede week in die Heilbron Herald berig oor 'n onbekende vrou wat sowat 5km buite Heilbron op die Sasolburgpad dood gevind is. Vingerafdrukke is Maandag van die oorledene geneem om haar identiteit te probeer vasstel. Die polisie wag nog vir die uitslae. Indien iemand 'n vroulike familie-lid vermis, meld dit by die polisie aan.

Op Dinsdag 9 April het twee verdagte mans 'n handsak by 'n verbygaande vrou gegryp en weggehardloop. Die voorval het plaasgevind waar die verdagtes duidelik sigbaar is op die sekuriteitskameras. Dit het die saak vergemaklik om die verdagtes uit te ken en teen Woensdag is hulle gearresteer. Hulle sal eersdaags in die hof verskyn. Die gesteelde eiendom is terug gevind.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON

# Wanneer klim ons weer op?





Verlede Maandagoggend het 12 paartjies van die Hoogteboerevereniging en ander Heilbronners gereed gestaan om aan boord te gaan van die MSC Musica en die see in te vaar. Die 13-dek skip het gewemel van meer as 1 000 boere en hulle gades.

Die week se programme is alles in Afrikaans aangebied. Die boere kon goed georganiseerde uitstallings en voorleggings geniet wat deur landboukundiges aangebied was. Die eerste dag het almal van die geleentheid gebruik gemaak om die skip te verken. Die res van die week het elkeen die daaglikse program ontvang wat op die betrokke dag aangebied was. Daar was 'n groot aantal sprekers teenwoordig wat 'n verskeidenheid onderwerpe interessant aangebied het. “Dit was 'n fantastiese ervaring. Die lesings was puik aangebied, kunstenaars het ons vermaak en natuurlik is daar heerlik geëet,” laat hoor 'n Heilbronner. “Dit was 'n regte boeretoer, saam met die boere-nasie, met boeregeselskap oor boere-probleme.”

# Vat jou goed en trek Ferreira






Louis Bothma, onafhanklike navorser en skrywer van Die Buffel Struikel, Vang 'n Boer en Rebelspoor, het weereens 'n treffer op die rak! *Vat jou goed en trek Ferreira* het na 4 jaar se intense navorsing die lig gesien en beloof om soos Bothma se vorige werke uitstekende leesstof te wees. In sy eie woorde, die geskiedenis herhaal homself, dit is net die rolspelers wat verander.

John Hendrik Ferreira en vyf makkers het die Kaapkolonie vanuit Duits-Suidwes-Afrika binnegeval om Suid-Afrika van Britse heerskappy te bevry. Hulle het vir 10 dae lank die Kalahari op horings geneem en die Kaapse polisie laat bontstaan.

Mense weet van die bekookte Jamesoninval wat die Anglo-Boereoorlog voorafgegaan het, maar van die Ferreira-inval weet hulle niks nie. Bothma het hierdie vergete episode uit die rooi Kalaharisand gaan opdiep, en soos net hy kan, vir die leser in konteks geplaas.

Nadat hy die een laag geskiedenis na die ander tot op die been oopgevlek het, voer Bothma die verhaal tot 'n dramatiese einde.

“Toe ons by Zwartmodder teen die bult uit ry en die vlakte vat, het ek White en Grobbelaar voor my geestesoog in die rooi Golf op die sinkplaatpad gesien. Die Ferreira’s het van vooraf op perde aangekom; gesteelde perde, gewere en ammunisie.”

“Alles het toe mooi uitgewerk. Die Kalahari steek sy geheime onder die sand weg. Goed so dat die houtkruis ook nou onder die sand verdwyn het. Jean en Flip hoef nie meer daardie kruis te dra nie. Hulle is nou vry.”

Boeke is beskikbaar teen R300. Kontak Carina Kleynhans vir boeke in Heilbron en omgewing, sel 082 785 7691.




# Dienssentrum open



*Die tweede kwartaal het aangebreek en die lede van Heilbron Dienssentrum is gereed vir 'n lekker vol kwartaal en alles wat aangepak gaan word. Ds Leon Deysel van die AGS Kerk in Heilbron het op 'n gepaste wyse die nuwe kwartaal geopen. Die ratte vir die nuwe kwartaal is aan die rol gesit en daar is begin reël aan die Korefees wat op 9 Oktober 2019 aangebied gaan word. Met die volgende byeenkoms sal daar 'n Paasfees toeneelstuk opgevoer word. Op die foto verskyn Ds Leon Deysel, Maggie en Steyntjie Steyn, lidmate van die AGS Kerk.*

# Munisipale herwaardasies

## *Beswaartyd loop uit*

Belastingbetalers wie nog nie hul nuwe munisipale waardasies nagegaan het nie, moet nou haas daarmee. So sê VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe.

Die nuwe waardasies word eers op 1 Julie 2019 van krag, maar die tyd om beswaar te maak teen onrealistiese waardasies eindig op 30 April 2019. Besware moet aangeteken word op 'n voorgeskrewe vorm wat beskikbaar is by munisipale kantore en 'n koste van R231.00 per eiendom is betaalbaar.

Die nuwe waardes is ter insae beskikbaar by munisipale kantore asook op Ngwathe Munisipaliteit se webwerf. “Die waardes sal geld vir die volgende vyf jaar en dit is daarom noodsaaklik om beswaar te maak indien u eiendom oorwaardeer is” maan Raadslid van der Merwe. “Indien die waardasierol aanvaar is kan daar dus vir vyf jaar niks weer daaraan gedoen word nie, so maak seker u word op 'n billike waarde belas” sê hy verder.

# Wat is Cholesterol?

*• Heilbron Kliniek*

Cholesterol is 'n vetterige laag wat opbou in jou are. Dit gebeur wanneer 'n mens te veel vetterige kos eet. Party mense se liggame produseer te veel cholesterol en dit bou ook op in die are. Dit maak dit moeilik vir die bloed om gemaklik deur te vloei en verhoog die risiko vir 'n hartaanval en beroerte.

As jy 'n familiegeskiedenis van cholesterol het, is jou risiko hoër, maar selfs iemand sonder enige familiegeskiedenis kan cholesterol ontwikkel as hulle nie 'n gesonde leefstyl handhaaf nie. Die kliniek of jou dokter kan 'n cholesterol toets doen om te kyk of jy 'n risiko het.

As jou cholesterolvlak bo 5.2 mmol/l is, moet jy stappe neem om dit te verlaag.

**Basiese riglyne**

• Verminder jou vet inname, veral versadigde vet van diereprodukte soos rooivleis, volroom melk, botter, eiergeel ens. Gebruik eerder lae-vet of vetvrye melk, lae-vet jogurt en sagte margarien. Verwyder ook alle sigbare vet van kos voor dit gaargemaak word.

• Wegneemets en kitskos soos KFC, hamburgers, pizza ens. is hoog in vet en verhoog die hoeveelheid vet in die dieet.

• Eet kos wat baie vesel bevat bv. volgraan brood, hawermout ("oats"), bruinrys, vars vrugte bv. appels met skil aan, en rou groente of groente wat in 'n bietjie water gestoom is.

• Wees aktief - probeer om elke dag ten minste 30 minute te oefen. Jou hartklop moet styg as jy oefen, en hoër as normaalweg bly vir ten minste 15 minute daarna.

• Drink minstens 8 glase skoon, suiwer water per dag.

• Verminder die suiker in jou dieet, koek, beskuitjies, lekkers en koeldrank is almal hoog in suiker.

• Vermy alkohol. As jy wel alkohol drink, moet jy nie meer as 2 eenhede per dag drink nie. (1 eenheid = 30 ml hardehout, 340ml bier, 125 ml wyn).

• Moenie rook nie! Rook vernou jou are en maak dus die risiko vir beroertes of hartaanvalle nog hoër.

• Eet stadiger en kou jou kos goed. Moenie voor die TV eet nie aangesien dit kan maak dat jy jouself ooreet.

• Eet uit 'n kleiner bord, want dit help jou om kleiner porsies te eet. Probeer om nie 'n tweede bord kos te eet ne.

• Moet nooit maaltye oorslaan nie. Eet 3 maaltye 'n dag, as jy tussen maaltye honger raak, kan jy vars vrugte eet.

**Voorbereiding van kos**

• Moenie kos in olie braai nie. Bak, rooster, kook, stoom of sit dit in die mikrogolf.

• Gebruik so min olie as moontlik wanneer jy kosmaak. Meet die olie wat jy by kos gooi met 'n teelepel af, in plaas daarvan om net 'n hoeveelheid in die pot of pan te giet. Spray 'n Cook kan ook gebruik word.

• Sny die vet van vleis af, en haal die vel van hoender af, voor jy dit gaarmaak.

• Moenie vetterige souse soos mayonnaise of kaassous gebruik nie.

• Soppe, bredies ens. kan in die yskas gesit word en dan kan die vet afgeskep word na dit afgekoel het. Dit is 'n manier hoe die harde versadigde vet verwyder kan word voor jy dit bedien.

***PUBLIC NOTICE***

Ngwathe MUNICIPALITY

The home of harmony, prosperity and growth

**APPROVAL OF THE 2018 OVERSIGHT REPORT ON 2017/18 ANNUAL REPORT**

THE COMMUNITY OF NGWATHE IS HEREBY INFORMED THAT A COUNCIL MEETING OF 29 MARCH 2019, NGWATHE LOCAL COUNCIL APPORVED THE 2018 OVERSIGHT REPORT AT A SPECIAL COUNCIL MEETING AS HELD.

IN TERMS OF SECTION 129(3) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003 THE APPROVED OVERSIGHT REPORT IS HEREBY MADE AVAILABLE FOR PUBLIC INFORMATION AT THE FOLLOWING VENUES:

PARYS MAIN MUNICIPAL OFFICES

PARYS PUBLIC LIBRARIES

TUMAHOLE LIBRARY

HEILBRON MUNICIPAL OFFICES

HEILBRON LIBRARY

KOPPIES MUNICIPAL OFFICES

KOPPIES LIBRARY

EDENVILLE MUNICIPAL OFFICES

EDENVILLE LIBRARY

THANKING YOU

BW KANNEMEYER　　　　DATE

MUNICIPAL MANAGER

# PUBLIC NOTICE

Ngwathe MUNICIPALITY

The home of harmony, prosperity and growth



**PUBLIC NOTICE: 02 APRIL 2019**

**TABLING OF THE DRAFT IDP REVIEW 2019/20**

**&**

**DRAFT BUDGET 2019/20 & 2020/21/22**

Notice is hereby given in terms of Chapter 4, Section 21 (1) and Section 21A (1)of the Municipal Systems Act, 32 of 2000, that the Ngwathe Local Municipal Council convened a Special Council sitting on Friday 29 March 2019 to consider the 2019/20 Draft IDP Review and Draft Budget for 2019/20 /21/22. Ngwathe Local Council invites members of the public and public representatives to comment on this Draft IDP Review at our scheduled IDP/Budget hearings or write your comments to the Office of Municipal Manager for considered incorporation.

Please view the Draft IDP Review and Draft Budget at all official municipal buildings during official office hours, alternatively please view the Draft IDP and Draft Budget on the municipality website at www.ngwathe.gov.za

Kind Regards,

BW KANNEMEYER

MUNICIPAL MANAGER






# Paastyd lê voor

Dis amper Paasnaweek en vir baie kinders beteken dit: vakansie hou en paaseiers eet. Maar het julle geweet dat Paasfees die eerste keer amper 4 000 jaar gelede in Egipte gevier is? Dit was natuurlik toe die Israeliete, God se volk, slawe van die Egiptenare was. 'n Slaaf is iemand wat aan iemand anders behoort en sonder betaling alles vir sy baas moes doen. Die Israeliete het baie swaar gekry in Egipte en hulle het gewens iemand sou hulle vry maak. God het hulle swaarkry gesien en vir Moses geroep om hulle uit Egipte te vat.

Onthou julle nog vir Moses? Dis hy wat in 'n biesiemandjie op die Nylrivier tussen die riete weggesteek was. God het gesê hy moet na die Farao, die koning van Egipte, toe gaan en vra dat die Israeliete mag wegtrek. (Eksodus 1-14). Die Farao wou natuurlik nie sy slawe sommer net laat gaan nie, want wie sou dan al die vuilwerk vir hom moes doen? Daarom het God tien plae oor die Egiptenare laat kom. Elke keer as 'n plaag die land getref het, het die Farao gesê die Israeliete kan maar trek, maar elke keer as die plaag verby was het die Farao teruggegaan op sy woord. Die tiende plaag was die ergste van al die plae. Die Here het vir Moses gesê Hy gaan al die oudste kinders in Egipte doodmaak, sodat die Farao definitief die Israeliete sou vrylaat om te trek. Om te keer dat die doodsengel nie ook die oudste kinders van die Israeliete doodmaak nie, het die Here gesê al die Israeliete moet 'n lammetjie slag en dan die bloed van die lam teen hulle huise se deurkosyne smeer. Die lammetjies se bloed het gekeer dat nie een van die Israeliete doodgemaak is nie en dat almal uit Egipte kon trek. God het die lammetjies gebruik om al die Israeliete vry te laat wegkom.

Om sy kinders te herinner aan hoe Hy hulle uit Egipte, die plek waar hulle slawe was, gered het moes hulle elke jaar Paasfees vier. Baie jare later toe Jesus op aarde geleef het, het Hy en sy dissipels ook Paasfees gevier. Terwyl hulle geëet het, het Jesus brood en wyn gevat en vir sy dissipels gesê, die brood is soos sy liggaam en die wyn is soos sy bloed, as hulle dit eet moet hulle weet dat Hy wat Jesus is, nes die lammetjies in Egipte, doodgemaak gaan word. Nie sodat hulle nie meer slawe van die Egiptenare hoef te wees nie, maar sodat hulle en ons nie meer slawe van sonde hoef te wees nie. So het Jesus die lam van God geword waardeur ons gered word van die dood en hel.

En dis hoekom ons Paasfees vier: om terug te dink aan die dag toe Jesus vir ons sonde aan die kruis gesterf het. Die Donderdagnag wanneer Paasnaweek begin het die soldate Jesus gevang en die Vrydag het hulle Hom aan die kruis gespyker. Daar het Hy gehang totdat hy dood is en daarna het van sy vriende Hom begrawe. Die Sondagoggend toe Maria egter by die graf kom, was sy liggaam nie meer daar nie omdat Hy uit die dood opgestaan het. Daarom vier ons die Vrydag van Paasnaweek Jesus se dood. Dat hy gesterf het om ons deur sy bloed te red. Binnekort vier ons Jesus se opstanding uit die dood. Dat Hy lewe sodat ons die Ewige lewe kan hê!

Heilbron Herald

## GEMEENSKAPSNUUS

*Op en Wakker Dienssentrum*
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***

Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram
(Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIE DAE.

**THINGS MONEY CAN'T BUY:**

1. MANNERS
2. MORALS
3. RESPECT
4. CHARACTER
5. COMMON SENSE
6. TRUST
7. PATIENCE
8. CLASS
9. INTEGRITY
10. LOVE

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
Sewende Lydensweek - **Sondag:** 09:30 Erediens (Doop)
Sagte kollekte / Kleuterkerk / Kategese
Sin Kol: Vennootskappe: NGKA
Gemeentetee Blok 3
**Goeie Vrydag 19 April:** 08:00 Gesamentlike Nagmaal (Moeder)
Kol: Huis Bron-van-Heil

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Katkisasie: Les 9 / Diensbeurte: Wyk 1 & 2
**Goeie Vrydag 19 April:** 08:00 Erediens
Kol: Bybelverspreiding

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sewende Lydensweek Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 10
**Goeie Vrydag 19 April:** 10:00 Nagmaal (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 13 Apr. | 13 / 25 | Gedeeltelik bewolk |
| So 14 Apr. | 15 / 24 | 32% kans vir donderbuie |
| Ma 15 Apr. | 12 / 17 | 45% kans vir donderbuie |
| Di 16 Apr. | 11 / 25 | 41% kans vir donderbuie |
| Wo 17 Apr. | 12 / 26 | 30% kans vir laatmiddag buie |
| Do 18 Apr. | 13 / 26 | 31% kans vir reën |
| Vr 19 Apr. | 14 / 25 | 50% kans vir donderbuie |
| Sa 20 Apr. | 14 / 24 | 64% kans vir donderbuie |
| So 21 Apr. | 13 / 25 | 38% kans vir donderbuie |
| Ma 22 Apr. | 14 / 25 | 27% kans reën |

## KENNISGEWING

### BLOEDSKENK DATUMS
**HEILBRON**
*PLEK: N.G Kerksaal (Suid)*




- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019
(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019

### KENNISGEWING
Kennisgewing in die boedel van wyle **TSHEPO ALEXIUS MOTAUNG,** Identiteitsnommer: 630531 5345 089 in lewe 'n bestuurder van 'n onafhanklike ontwikkelingsprogram woonagtig te President CR Swartstraat, Reitz, getroud binne gemeenskap van goedere met TAKATSO MOTAUNG.
**Identiteitsnommer**: 750928 0327 084.
**Datum van afsterwe:** 1 Januarie 2014
**Boedelnommer:** 001684/2014.
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Kennisgewing vir publikasie: 12 April 2019.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

## ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503**

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### WE SPECIALIZE IN
• Screen Wall, Concrete, Plastering, Paving, Steel Structure, Trailers (Manufacturing & reparing), Car Port, Palisade.
***"We are the solution to your problem".***
**Tuks Project CC**
**Cell: 073 763 3352 (Stephen)**
**E-Mail: mahlasinyanatutubala@gmail.com**
**K1655**

## TE KOOP

### TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak **Jolandri 079 846 1075 Heilbron**

### HEILBRON KLINIEK
Griepspuite binnekort beskikbaar by kliniek.

## BETREKKINGS VAKANT

### TEGNIESE VELDBEAMPTE
Van Lill Wolkopers is op soek na 'n Tegniese Veldbeampte vir die Heilbron Distrik.
**Minumum Kwalifikasies:**
Graad 12 en / of Diploma en / of ondervinding.
Kerndoel van die pos is die bemarking en uitvoer van die maatskappy se dienste met die doel om markaandeel te handhaaf en te verhoog.
Werf van vesel, maatskappybetrokkenheid in gemeenskap, skeerdiens, besoek van kliënte / nie-kliënte / nuwe besigheid.
Klassering van skape.
CV's moet gestuur word aan: marina@vanlill.com of skakel vir Jacques van Lill by 082 565 9944, kantoor 041 4861237.
Sluitingsdatum vir aansoeke 30 April 2019

### VAKANTE ONDERWYSPOS
**KABOUTERLAND**
Kleuterskool Koppies
**Ingang:** 1 Mei 2019
Epos cv / navrae: elamiesmit@gmail.com
***Sluitingsdatum: 19 April 2019***

Spertyd vir Donderdag 18 April se koerant is Dinsdag om 10:00.
Vir enige advertensies en artikels kontak gerus vir Jolandri by 058 852 3033.

## EIENDOMME • EIENDOMME

### LINDA LIEBENBERG PROPERTIES
082 577 5385
T-HOD • Real Estate Qualification • NQF Fetc Level 5

**Nuut gelys en eksklusiewe alleenmandaat!**
**R 950 000**
**Pragtige grasdak in Twaalfdestraat 31 Vegkop.**
• 3 Ruim en sonnige slaapkamers • 2 Volledige mooi badkamers • Ruim sitkamer, eetkamer en woonkamer • Aparte studeerkamer • Cottage kombuis en uitstekend toegerus • Pragtige houttrappe na boonste TV-kamer • Prag onthaalarea met 2 ingeboude braai's • Verskeie stoorkamers • Waskamer met eie geiser • Boorgat met besproeiing en baie mooi gevestigde tuin • Dubbel elektroniese motorhuise • Elektroniese hek met interkomstelsel • Koopkrag en verhittingstelsel in leefarea • Doeltreffende weerligafleier.
**Kontak my gerus vir hierdie uitstekende, eenmalige koop.**
Linda Liebenberg Eiendomme 082 577 5385
**Website: www.lindaliebenbergeiendomme.co.za**
**E-Mail: liebenberglinda@gmail.com**

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
*Vir die beste transaksies en diens*
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

## Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Ekstraklasse

**EERSTE KWARTAAL 2019 BESTE PRESTEERDERS:**
Hieronder is die TOP presteerders tydens dié kwartaal:

**• HEILBRON (5DE JR VAN KLASSE AANBIED)**
Beste prestasie : Jané Janse van Rensburg gr. 9 Wiskunde = 89%!!
Beste verbetering : Izany de Wit gr.11 Wiskunde = +10%!!

**• FRANKFORT (4DE JR VAN KLASSE AANBIED)**
Beste prestasie : Wilandri Naude gr.10 Wiskunde = 95%!!
Beste verbetering : Tiaan Meyer gr.9 Wiskunde = +25%!!

***Kontak my indien jy belangstel in ekstraklasse gr.8 tot 12, vir 2019. Suryn Claasen 083 234 9882.***


*Jané J v Rensburg*


*Izany de Wit*


*Wilandri Naude*


*Tiaan Meyer*

## BUSTA MILLING HEILBRON
### POSITION AVAILABLE

**MARKETING/SALES REPRESENTATIVE**

**Requirements:**
- Excellent communication skills.
- The position is not office bound and willingness to travel is non-negotiable.
- Matric/Grade12 and a valid driver's licence.
- Well-groomed individual.
- Ability to work well under pressure.

*Goal driven * Able to meet targets * Team player*
*Experience is an advantage, but not essential.*

**A competitive salary is being offered and transport will be provided.**

Please e-mail your CV as application to wijali.meule@gmail.com

**CLOSING DATE: 30 APRIL 2019**

## JAARBEPLANNER

**APRIL**
13 *Sek. Fezile Dabi netbalproewe (Kroonstad)*
16 *Sek. netbal: HTS (tuis)*
*Sek. hokkie: Blouskool (tuis)*
17 *o/12 en o/13 Fezile Dabi netbal proewe - Sek. hokkie: AHS (weg)*
23 *Sek. netbal: Affies (tuis)*
24 *Netbal: o/10 – o/13 nie-liga toer nooi te Noordskool*
24 *Huis-en Tuinbouklub vergadering*
25 *Sek. Rugby: Krugerlaan (tuis)*
*Sek. hokkie: Rooiskool (tuis)*
26 *Sek. Tennis*
*Sek. Vrystaat netbalproewe (Bloemfontein)*
26 *Donkie Derby Hoërskool Heilbron*
27 *Basaar - AGS Kerk*
30 *Sek. hokkie: H/S Sasol (tuis)*

**MEI**
14-17 *Nampo*
22 *Huis-en Tuinbouklub vergadering*

**JUNIE**
12 *Huis-en Tuinbouklub vergadering*

**AUGUSTUS**
2-3 *Boeretreat*
21 *Huis-en Tuinbouklub vergadering*

**SEPTEMBER**
18 *Huis-en Tuinbouklub vergadering*

**OKTOBER**
12 *SPAR-Gholfdag*
23 *Huis-en Tuinbouklub vergadering*


**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGSERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

## TE KOOP

GiG Technologies
Kerk Str. 44
Heilbron
Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!!
From R299.00 p/m

VLEISSENTRAAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT
Koopkrag gewaarborg
Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker





CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside



FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville



DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei





HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer






# Veiling ten bate van Hoërskool Heilbron

## *Uitstekende veiling aangebied deur BKB Louwid*

Op 28 Februarie 2019 het BKB Louwid 'n veiling gehou ten bate van Hoërskool Heilbron by die Royal Auction House in Frankfort. Daar was 1 483 skape en 913 beeste te koop aangebied op die dag. Veepryse was nie so sterk soos oor Desember nie, maar daar is steeds 'n allemintige bedrag van R73 000 vir die skool ingesamel. Die seun en dogter wat die meeste vee vir die dag gewerf het, het 'n kontant bedrag van R1 000 ontvang. Hoërskool Heilbron wil graag elkeen van harte bedank wat hierdie dag ondersteun het. Volgende jaar word daar weer so gemaak.



*Op die foto verskyn: Wentzel Voster (BKB Louwid), Peter Smith (Skoolhoof) en Piet Boshoff (BKB Louwid).*



*Op die foto verskyn: Wentzel Voster (BKB Louwid), Wilhelm Dreyer en Piet Boshoff (BKB Louwid).*



*Op die foto verskyn: Wentzel Voster (BKB Louwid), Chrisanle Boshoff en Piet Boshoff (BKB Louwid).*



## KENNISGEWINGS

### KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van wyle **ANDREAS DANIËL WYNAND SMIT,** Identiteitsnommer: 520817 5010 085 in lewe 'n Geneesheer woonagtig te Kalverstraat 3, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere.
**Datum van afsterwe:** 20 Desember 2018
**Boedelnommer:** 001709/2019
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00**
**Vrydae: 07:30 tot 16:30**
**Saterdae: 08:30 tot 13:00**
Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
**Faks: 058 853 0140**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

## DIENSTE

### AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Chris Maseko het gedurende die afgelope 20 jaar by verskeie geleenthede verfwerk, dak reparasie, plafonne, geutwerk, *putty* vir my verrig. Is jy moeg vir 'n dak wat lek. Chris is 'n betroubare persoon. Ek kan hom aanbeveel.
**Skakel my gerus vir enige verdere inligting.**
**Hans Botes 083 650 2997**
**Oom Japie 082 335 5503**
**Chris**
**073 362 4855 (alle ure)**
K1658

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

## IN MEMORIAM

† Malie Cilliers van die plaas Smoorfontein Lindley is oorlede op 21 Februarie 2019. Haar man Dirk is reeds 'n paar jaar gelede oorlede. Haar begrafnis is waargeneem deur haar skoonseun nl: Ds Ferdie Bekker, ook 'n predikant. Iets besonders oor hierdie familie, sy was die dogter van Tok en Sannie van Rensburg. Haar drie broers is almal predikante nl: Ds Bertus van Rensburg, Ds Zachie van Rensburg en Ds Hendrik van Rensburg. Verder meer was vier van haar susters met predikante getroud nl: Ds Coenie Smit, Dr Willie Kotze, Dr Kallie Fourie en Paul Beyl. Wie kan hierdie familie dit nadoen? Ons eer haar nagedagtenis. Hierdie gesin het diep spore getrap in die EG Kerk.

**Sukkel u om te hoor?**
***Marna de Beer 'n gekwalifiseerde Oudioloog van Hear4life besoek Heilbron die 10de Mei 2019.***
Hear4Life
**DIE VOLGENDE DIENSTE IS BESKIKBAAR:**
❖ Gehoortoetse
❖ Gehoorapparate
❖ Gehooradvies
❖ Gehoorapparaat batterye beskikbaar @ R30 per pakkie
**Vir enige verdere navrae kontak Ellen Marais 079 879 4852.**

# SKOLEnuus

# Top 10 presteerders



***TOP-5 PRIMÊRE PRESTEERDERS VAN HOËRSKOOL HEILBRON.***
*Op die foto voor, vl: graad 4: Danelri Mocke (eerste), Chenelle Els (tweede), Hanru Steyn (derde), Noeline Gavin (vierde) en Rikus Bronkhorst (vyfde). Tweede ry, graad 5: Adri Erasmus (eerste), Franco Roos (tweede), Minette Els (derde), Juan J v Rensburg (vierde – afwesig), Cariska J v Rensburg (vyfde) en Nythan Kotze (vyfde). Derde ry, graad 6: Alexa Kruger (eerste), Andre Viviers (tweede), Kayla Bosman (derde), Johanri Pretorius (vierde) en Carli Rochat (vyfde). Agterste ry, graad 7: Michaela Grobler (eerste), Anelle Volschenk (tweede), Luze Barnard (derde), Annalize Swart (vierde) en Brandon Kotze (vyfde).*



***TOP-5 SEKONDÊRE PRESTEERDERS VAN HOËRSKOOL HEILBRON.***
*Op die foto voor vl, graad 8: Wessel Steyn (86.33%), Stean Lategan (77.44% - afwesig), Nelius Meiring (73.89%), Beanke Nagel (73.78%) en Judike Gavin (72.33%). Tweede ry, graad 9: Anica Grobler (84.00%), Janke Pretorius (82.89%), Alden Peach (81.44%), Jané Jansen van Rensburg (81.33% - afwesig) en Mbali Malindi (79.11%). Derde ry, graad 10: Danica Boucher (85.14%), Petra du Plessis (83.57%), Andre Muller (82.00%), Wilandré Pretorius (76.86%) en Jeanné van Wyk (76.00%). Vierde ry, graad 11: Kyla de Lange (82.00%), Geraldine Mong (77.00%), Izany de Wit (76.00%), Francois Els (74.00%) en Elana Dippenaar (71.29%). Agterste ry, graad 12: Amané Watson (87.43%), Tomari Prins (84.71%), Megan Strydom (80.29%), Carissa Peach (79.57%) en De Jager Jooste (79.43%).*

# Skaaphanteringskursus bygewoon

## *Gewillige werkers knap hulle kennis op*

Op Dinsdag, 9 April 2019 het 26 leergierige plaaswerkers afkomstig van agt plase in die Heilbron omgewing 'n skaaphanterings-kursus op The Gums van Louis Kleynhans bygewoon.

Mnr Bom Louw, Vrystaatse streeksbestuurder van die Nasionale Wolkwekersvereniging het die kursus gelei. Tydens die kursus is die plaaswerkers meer geleer oor die hantering, dosering en inenting van wolskape. Hulle het goeie opleiding in skaapboerdery ontvang. Aan die einde van die kursus het elke werker 'n sertifikaat van voltooiing ontvang. Tydens die kursus het 'n plaaswerker, Paseka Mofokeng, baie goed gevaar. "Hy is goed geleer", aldus sy werkgewer.



*Op die foto regs verskyn meneer Bom Louw en die werkers wat die kursus bygewoon het.*

# SPORTverslag

## Kestell toe vir liga

Heilbron se ligaspan reis die naweek Kestell toe om daar teen Clarens en Reitz 1 te gaan speel. Kestell is nie bekend vir die beste setperke in die Oos Vrystaat nie, maar gelukkig sal dit vir almal so wees. Heilbron word die naweek verteenwoordig deur: Abrie Watson & Riaan Schutte, Obie Oberholzer & Gerrie Muller, Eben Stander en Willie Pretorius.

Die AP kerk se gholfdag het goed afgeloop en is hulle dankbaar vir die fondse wat ingesamel is tydens die dag. Die reën was 'n bekommernis maar almal kon klaar speel, behalwe vir 8 spelers. Die kompetisie is toe oor 17 putjies beslis. Die wenners van die dag was Pieter van Staden en Willem Loots met 46 punte. Tweede was ds Willem van Schalkwyk en Edmund Els gevolg deur Leonard Strydom en Hennie Pretorius.

Die Sanlam uitdaagreeks neem eersdaag weer in aanvang en Heilbron se beurt is op 22 Junie. Besighede kan ook bydrae tot die dag. Fondse gaan aan KANSA.

Die volgende borgdag word 4 Mei aangebied en word geborg deur Caltex vulstasie.

Die volgende borge word graag bedank vir hul bydra tot AP Kerk gholfdag: A-Z Motors, ABSA, Admin-Fokus, Bashia Lake Buffalos, Bennie Steenkamp, BKB, Bonus, Botha Laubsher, Clover, De Vry Distillery, EJ Stainless, Fanie Malherbe, Fouriesdrift Abattoir, Francois Naude, Goedehoop Wynkelder, Hannes Myburgh, Hennie Fourie, John Keogh, KDF Finansies, Marge Baan, MC Engelbrecht, OJ's, Paul Els, Pieter Baan, Riemland Apteek, Roos Meubileerders, Sanjo's, Spar, Star Slaghuis, Telwiedre, Tierbank Lodge.



*Wenners van Saterdag se AP Kerkdag. Op die foto vl: Edmund Els, Pieter van Staden, Hennie Pretorius, Willem Loots, Leonard Strydom en ds Willem van Schalkwyk.*

## Fietsryers trap vir Bybels



*Hy word nie twee keer genooi om op sy fiets te klim en gou 'n paar kilometers tussen dorpe af te lê nie. Nie net omdat hy lief is vir fietsry nie, maar omdat hy glo so bou 'n mens verhoudings langs die pad op. Braam Smith trap vir Bybels. Woensdag, 11 April het Braam Smith en Werner Harmse vanaf Vanderbijlpark tot in Heilbron met hul fietse gery. "Die wind was nie te sleg nie," sê Smith. "Ons kon ongeveer 27,5 kilometer per uur gemiddeld ry." Harmse, 'n Springbok fietsrykampioen van Suid-Afrika in baan, pad en tydtoets, het dieselfde dag weer teruggery Vanderbijlpark toe. Smith het in Heilbron oornag en die res van die pad alleen aangedurf. Hy het beoog om gister Senekal toe te ry. Teen vandag behoort hy tot in Bethlehem te ry en Sondag tot in Kroonstad. Hy wik en weeg nog om Parys om te trap tot terug in Vanderbijlpark. Langs die pad bou Smith nuwe verhoudings op en natuurlik bewusmaking van die Bybelgenootskap en verspreiding. In 2020 vier hulle 200 jaar en wil graag teen die einde van jaar 2020, 23 miljoen bybels insamel vir huishoudings wat dit nodig het.*

### Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur jou foto van groot mylpale wat bereik is, in. Ons plaas graag jou foto. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 8523 033.

heraldnuus@heilbron.co.za


**OPE PRYSSKIET**

**SATERDAG 13 APRIL**

Die Riemland-tak Heilbron bied weer Saterdag hulle jaarlikse ope prysskiet aan te

**LEEUWPOORT SKIETBAAN.**

Kontantpryse te wen.
Baan open om 09:00.
Laaste inskrywings om 11:00.

***Verversings sal beskikbaar wees en bring ook 'n ekstra R100 saam vir die geweer pryslotingskaartjies.***

**Heilbron • Edenville • Frankfort**



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

VLEISSENTRAAL

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

**BKB Louwid NOORD**

**Die komende week se BELANGRIKSTE veilings**

**MAANDAG - 15 APRIL 2019**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling,
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DINSDAG - 16 APRIL 2019**

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 261

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VREDE : SPESIALE SPEENKALF VEILING
11:00, Vrede veilingskrale
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**DONDERDAG - 18 APRIL 2019**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za